# menlo-insig


29/2023

LIEWE MENLO

*Die eksamenseisoen is hier!*

*Bly kalm en vertrou jou voorbereiding. Jy is gereed.*









# DAGBOEK

**7/11**
Ouerinligtingsvergadering: Begroting (Ouditorium, 18:00)

**21/11**
Goedkeuringsvergadering: Begroting (Ouditorium, 18:00)

# MENLO MA'S WAT OMGEE

*Ouers word daaraan herinner dat die weeklikse gebedsbyeenkoms op Donderdae tussen 07:30 en 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind.*

**Teks: Filippense 4:7**

En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

## Dis begrotingstyd! Lewer asb. u insette.

Die jaar staan einde se kant toe en die proses om die 2024-begroting goed te keur, begin binnekort. Ouers word versoek om hulleself asseblief deeglik van die volgende datums en reëlings te vergewis.

**Dinsdag, 7 November 2023**

**Ouerinligtingsvergadering rakende die begroting vir 2024 (Ouditorium, 18:00)**

Die konsepbegroting word tydens hierdie vergadering aan die ouers voorgelê en uiteengesit. Enige vrae en besprekings word verwelkom. Die konsepbegroting is vir die daaropvolgende veertien dae, ter insae, in die forum by die skool beskikbaar.

**Dinsdag, 21 November 2023**

**Goedkeuringsvergadering van die konsepbegroting vir 2024 (Ouditorium, 18:00)**

Alle ouers word uitgenooi om die konsepbegroting vir 2024 deur middel van 'n stemproses goed te keur.






# AKADEMIE

## Parkies behaal skitterprestasies in taal-olimpiade



Menlo se graad 8's en 9's het hulle nie deur die seniors se voortreflike uitslae in die Afrikaans Olimpiade laat intimideer nie en die spogprestasie wat die graad 10- tot 12-leerders vroeër vanjaar behaal het, geëwenaar. Daarmee saam is daar onomwonde bewys dat die graad 8's en 9's nie nat agter die ore is nie en dat Die Hoërskool Menlopark beslis die beste Afrikaanse skool in die wêreld is!

Twintig Parkies (graad 8's en 9's) het gedurende September aan die Afrikaans Junior Olimpiade deelgeneem. Die klompie sinslimmes is deur me. Erika du Plessis georganiseer en die skool bedank haar graag vir haar reëlings. Baie geluk aan die Parkies met skitterprestasies!

**Nasionale en provinsiale wenner** Erik Senekal (gr. 9)

**Top-100-nasionaal** Ghite van Rooyen (gr. 9), Le Roux van Wyk (gr. 9), Lente Swanepoel (gr. 9), Rian Knoesen (gr. 9), Luka Smit (gr. 9), Clarabelle Haasbroek (gr. 8) en Selie de Villiers (gr. 8).

**Top-20-Gauteng** Ghite van Rooyen (gr. 9), Le Roux van Wyk (gr. 9), Lente Swanepoel (gr. 9) & Clarabelle Haasbroek (gr. 8).

Welgedaan, Parkies!

## Parkies stal skryftalent by ekspo uit



Die Afrikaans-ekspo is 'n vertoonvenster vir skryftalent en te oordeel aan die toekennings wat die Parkies ingepalm het, is daar nie 'n talenttekort op Menlo-bodem nie. Skryfkompetisies word gewoonlik met sinne eerder as syfers geassosieer, maar wanneer dit by Menlo se ekspo-uitslae kom, doen die syfers die praatwerk.

Baie geluk aan die Parkies asook me. Annika van Emmenis wat die ekspo op Menlo-bodem georganiseer het.

Twee Parkies is as kategoriewenners aangewys: Rian Knoesen (opstel, gr. 9)
Clara Serfontein (lirieke, gr. 9)

**18** Parkies behaal dubbelgoud (90-100), **13** ontvang goud (80-89) en **2** Parkies se kreatiewe skryfwerk is met silwer toekennings (70-79) beloon. Mooi so, Menlo!



## Innoveer. Kodeer. Programmeer. Triomfeer

Luka Smit, Clara Serfontein, Danielle van Deventer, Wynand Botha, Jasper Smit en Andries Beyers het verlede naweek aan Gauteng se robotikastreekskompetisie deelgeneem en gewys dat Parkies absolut toekomsgereed is. Hierdie tegnologie-ambassadeurs het die taak gehad om 'n robot te bou en te programmeer wat 'n reeks uitdagings binne 'n beperkte tyd op 'n kompetisieveld kon bemeester.

Die robot was omtrent bedrywig, want nie mens of masjien kry punte vir niksdoen nie. Menlo se blikbrein het na wense presteer en die span kon die uitdagings met onderskeiding afhandel.

Die span moes 'n probleem oor die toepassing van tegnologie in die kunste identifiseer, 'n innoverende oplossing daarvoor vind en hul bevindinge aan 'n paneel voorlê. Al hierdie take is soos wafferse James Bonds uitgevoer en nou is hulle na die nasionale kompetisie op pad!

Hartlik geluk aan die gedugte span en hul afrigter, me. Eldien Bisschoff.

# KUNS EN MUSIEK

## Menlo-kultuur kook

Hartlik geluk aan die volgende Parkies wat onlangs in die uitvoerende kunste presteer het.

| | |
|---|---|
| Bianca Fourie (sang) | Talent Africa-kompetisie: Goud<br>Kwalifiseer om Suid-Afrika in Junie 2024 in New York te verteenwoordig. |
| | Legends of Arts (nasionale kompetisie)<br>R & B: 1ste   Afrikaans Ope: 2de   Musical: 4de |
| | Huisgenoot Eisteddfod (gr. 8 – 10): Goud |
| Bianca Fourie (dans) | South Africa Championship of Performing Arts (SACOPA): Goud x 5<br>Kwalifiseer om Suid-Afrika volgende jaar in Los Angeles te verteenwoordig. |
| Jealise Goosen (kuns) | Motif painting: Kategoriewenner (gr. 11) in die Marshmallow Excello kompetisie. |
| Erich Pieterse | ABRSM   Graad 3-teorie   87% |
| Nina Dicks | ABRSM   Graad 3-klavier   87% |







## Voortrekkers

Mieke du Preez, Marle van Wyk en Liezl van der Berg (gr. 11) is as kommandojeugleiers vir die 2023/2024-termyn aangewys. Helena van der Merwe (gr. 12) tree as kommandojeugleier uit en sy word vir haar harde werk bedank.






# OMGEE

## Menlo maak impak met impakkieprojek



Wat het Kersfees, geskenke, opgewondenheid en Parkies gemeen? Emmers, of liewer, pakkies en Parkies vol omgee wat met vanjaar se impakkieprojek hoop aan minderbevoorregte kleuters gebring het.

Die Parkies het hulle lywe gedurende die afgelope paar weke Kersvader gehou en allerhande geskenke bymekaargemaak.

Die sending, om die geskenke af te lewer, is met groot sukses deur 65 Parkieraadslede uitgevoer. Die omgeekomitee, onder leiding van Elrisha Ras, het verlede Vrydag by Gracia Haven Kinderhuis besoek afgelê om geluk in 'n pakkie aan die kleuters te bring. Daar is gespeel – van handjietennis tot rugby en *volleyball* – en heerlik gekuier.

Die doel van die projek is om die Gracia Haven Kinderhuis te ondersteun, maar dit is die Parkies wat oudergewoonte met nuwe perspektief en breë glimlagte oor die projek rapporteer. Baie dankie aan Elrisha, mnr. Johan Grové en me. Doné Moolman vir hulle reëlings en aan elke Parkie wat 'n aandeel aan hierdie heerlike dag gehad het.

Parkies is die verskil!

# AKADEMIE









## Menloparkers is plesierig, maar wag! Die Franse...

... is bedrywig! 'n Mens kan nie 'n eksamen sonder sosiale afleiding aandurf nie; daarom het die Fransleerders 2023 met 'n Franse piekniekmiddag en 'n potjie Pétanque (Franse rolbal) en ander speletjies afgesluit – net die regte medisyne om die leerders vir die DELF-eksamen voor te berei.

**Graad 10-leerders (A1-eksamen)**
Anneen van Vuuren, Anje Verwaard, Dania Windell-Crous, Rudolph Smit, Kaitlin le Roux, Jana Fouché, Zylia Pretorius, Avril du Plessis, Ubré Heckroodt en Zenéll van Zyl.

**Graad 12-leerders (B1-eksamen)**
Rayhan Ounaceur, Thomas Meiring, Brandon Fourie, Mosa Phoko, Kiana von Holtzhausen en Jadyn van Jaarsveld.

Bravo!



# 2023 met koshuisdinee gevier

Menlo se koshuis is veel meer as 'n dak oor die kop en heilsame maaltye saam met maats. Dit is 'n tuiste waar lewenslange vriendskapsbande gesmee word, uitdagings gedeel word en suksesse gevier word.

Die koshuisdinee – een van die hoogtepunte op die koshuiskalender – is die ideale geleentheid om die koms van die eksamen te vier. 'n Skoolsaal is beswaarlik 'n plek waar sosiale vlinders hulle vlerke kan sprei en met die hulp van 'n paar vrywilligers is die saal in 'n japtrap van skoolsaal na balsaal getransformeer. Nie eers die dreigende koue kon die sprankelende leerders se gees demp nie en is daar tot laatnag gedans en gekuier.

'n Dinee sonder 'n kort toespraak is nie 'n behoorlike dinee nie en die uittredende koshuishoofleiers, Regardt Grobler, Steyn Landman en Martie van Wyk het die koshuisgangers met hulle toesprake vermaak waarna die nuwe hoofleiers, Ewald Meyer en Ashley Moreira aan die woord was.

Die Insig wens graag vir elke koshuisleerder sterkte met die eksamen toe en bedank elkeen wat by die aanbieding van die feestelike Menlo-koshuisdinee betrokke was!

Ons maak gou weer so.

















# SPOG

## Parkie-gimnas is een van SA se bestes

Kimbrian Loedolff is 'n Parkie wat weet hoe om trek-, stoot- en gravitasiekrag in sy guns te gebruik, want dié supersterk Menlo-man het sy staal onlangs by die Suid-Afrikaanse Gimnastiekkampioenskap gewys en uitstekend gevaar. Baie geluk! Ons sien daarna uit om hom eendag by die Olimpiese Spele in aksie te sien!

# PERDRY

## Perdry-prysuitdeling: Parkie prestasies gevier

Die ruiters was vanjaar behoorlik op galop. Dit was verlede week tyd om hulle prestasies te vier en die skool doen graag verslag oor die toptoekennings wat by die prysuitdelingsfunksie opgeraap is. Hartlik geluk aan die volgende ruiters:

| | |
|---|---|
| **Veelsydigste ruiter** | Zianè van der Berg |
| **Ruiter van die jaar** Kernliga | Mirabelle Neveling |
| Uithouritte | Jana Joubert |
| Western Mounted Games | Paige Cronje |
| **Voorste puntemaker** | Zianè van der Berg |
| **Beste vordering** | Chloe Durrant |
| **Spangees** | Jana Fouche |
| **Ruiter van die jaar** Algeheel | Mirabelle Neveling |
| **2024-kapteine** | Paige Cronje (kaptein)<br>Jana Fouche (o/k) |



# MENLOBOND

## Oud-Menloparker pronk in Groen-en-goud

Suid-Afrika se puik sportprestasies in die internasionale arena maak tans wêreldwyd opslae. Die media is veral opgewonde oor Rolene Streutker (2018) se talent en vaardigheid as doelskieter. Dit is waarskynlik die rede waarom Rolene onlangs haar buiging in die nasionale span gemaak het waar die Proteas teen Australië in aksie was. Menlo-netbal bars van trots!





# MARKPLEIN

## ALL-IN-ONE...



## Better, Easier Oral Care

With a fine brush design and oral cleaning gel, **Regal GO** effectively breaks up food debris in hard to reach areas and freshens breath, making it easy for you to maintain your daily oral hygiene routine and keep your smile clean and healthy

- Breaks up food debris and cleans in hard-to-reach areas
- Fine-bristled pen applicator applies cleaning gel and brushes
- Reaches under orthobrackets and wires
- Freshens breath and cleans at home or on the go




**Regal GO 1 x 4 PACK PENS (4ML) R250,00**

REGAL GO™
ALL-IN-ONE ORAL CARE BRUSH
*Treat Your Smile Like Royalty with Oral Care Anywhere*
Contact 012 665-4631 | e-mail: info@implant.co.za

# EERSTEJAARSKAMP
NG UNIVERSITEITSOORD - PRETORIA
2024



DATUM
**29 JANUARIE TOT 2 FEBRUARIE 2024**

DIE KAMP VAN JOU LEWE

'n Voorsmakie van studentelewe
Geleentheid vir nuwe vriende
Hope pret
Bybelgesprekke
Aktuele vrae
Geestelike groei

behoort en beweeg
UNIVERSITEITSOORD

WWW.UNIVERSITEITSOORD.CO.ZA
012 362 0664 066 408 0909
@UNIOORD
UNIVERSITEITSOORD EERSTEJAARSKAMP

PRACTICE NUMBER
9990910001114433

# CHANTEL SWART BIOKINETICS

368 Holding Atterbury east
Mooikloof

**Biokineticist Services**
Injury rehabilitation and prevention
Postural Correction
Chronic disease management
Pre- and post- natal rehabilitation
Geriatric functional health
Wellness and weight loss



**WHATSAPP: 0607360329 TO BOOK YOUR SESSION**




KOM KUIER & KOOP SAAM OP
VRYDAG, 3 NOVEMBER 2023
VAN 9:00 TOT 16:00
BY DIE NG KERK, LYNNWOOD


MARKET
on Lawley
FRI 3 NOV 10AM - 6PM
SAT 4 NOV 9AM - 12 AM
206 LAWLEY ST WATERKLOOF
Free Entry


TAU
VIR MENLOPARK
SCHOOL BAG PROMO
15% OFF SPECIAL DEAL
10% FOR YOU & 5% YOUR SCHOOL
Use this code for 5% to go to your school: TeamMenlo
WAS: R2899.00 NOW: R2609.10
WAS: R3299.00 NOW: R2969.10
Buddy School Backpack
Colours: Chocolate I Desert I Rosewood
Classic School Bag
Colours: Chocolate I Desert I Rosewood
Shop at our store in The Grove Mall, Lynnwood
Shop online: www.tausouthafrica.co.za
Cecilia - 067 037 2117 I office@tausouthafrica.co.za
Follow us on Social Media


KrazEEE
party supplies
Carin Janse van Rensburg
krazeeeparties@gmail.com
084 581 4341
144 Caribaeastraat, Lynnwoodrif


KERSFEES IS OM DIE DRAAI...
PLAAS NOU JOU BESTELLING VIR 'N HEERLIKE VRUGTEKOEK
SLEGS R300
WHATSAPP CARLI
071 304 9021